Ontmoeting 3 GULDA

Teks: 2 Konings 22; Psalm 119:72

Hulpmiddels:

- ⊗ Ou klere
- ⊗ Tas / tasse per groep
- ⊗ 'n Klein boekrolletjie om in die sensoriese bottel te sit
- ⊗ Kopieë van die boekrol
- ⊗ Sosatiestokkies
- ⊗ Sandboks
- ⊗ Kopieë van die inkleurprent
- ⊗ Legkaart van Gulda

WELKOM

- ❖ **"Pak in":** Leen ou klere by die klerebank. Gooi die klere op 'n hoop en verdeel die kinders in groepies van 3 elk. Elke groep kry 'n beurt om die klere netjies op te vou en in 'n tas te pak. Hulle moet kyk wie dit die vinnigste kan doen. Hou tyd om die wenner te bepaal.
- ❖ Of gee 'n hopie klere en tas vir elke groep en kyk wie kan hulle tas netjies die vinnigste inpak.
- ❖ *Ekstra: Plaas 'n "skat" in een van die hopies of sit ongemerk 'n skat tussen die klere vir die laaste groep by opsie 1. Die skat is 'n boekrol waarin Psalm 119:72 staan.*

WYDING

Reël vooraf met 'n leier of leidster (of kry 'n vriendin wat bereid sal wees om die dag Kix/Sonstraaltjies toe te kom) dat sy, terwyl die kinders speel, eenkant gaan "wegkruip". Sy moet vir die kinders bid daar waar sy wegkruip.

Sake om voor te bid:

- ✕ *bid dat die kinders getrou sal bly aan die Here;*
- ✕ *bid vir kinders se eksamens;*
- ✕ *bid vir kinders wat 'n ouer of grootouer verloor het;*
- ✕ *bid vir kinders wat in 'n huis woon waar die ouers nie vir Jesus ken nie;*
- ✕ *bid dat die kinders die boodskap vandag sal verstaan.*

Sing: "Lees jou Bybel, bid elke dag" en "Staan op en sê nou"

Vra nou: "Waar is Tannie/Oom _____?"

Stuur kinders om hom/haar te gaan haal. Hy/sy kan dan kom en vir die kinders vertel wat hy/sy vir hulle gebid het. Hy/sy kan nou vir die groep 'n gebed doen.

Gaan voort met die **temalied** en **stilword-ritueel** soos by ontmoeting 1.

WOORD

Vandag se vreemde vrou het ook 'n vreemde werk, net soos Debora. Kan julle onthou wat Debora se werk was? Ja, sy was 'n profetes. Vandag se vreemde vrou is ook 'n profetes. Sy is ook nie soos al die ander mense om haar nie. Dink julle mens kan van God vergeet?

(Speel die verhaal in die sandboks.)

Daar was eendag 'n vrou wat tussen mense moes woon wat van God vergeet het. Haar naam was Gulda. Sy het nog tot God gebid, maar die meeste mense was net geïnteresseerd in afgode. Die volk van die Here het van God vergeet, hulle het van Sy wet vergeet en hulle het vergeet wat Hy gedoen en beloof het. Hulle het ook God se waarskuwings vergeet. Dit was vir hulle asof God glad nie bestaan het nie. Die tempel was stukkend, vuil, deurmekaar en niemand het omgegee nie. Tog... daar was hier en daar iemand wat omgegee het... soos Gulda.

Iemand anders wat ook omgegee het, was die koning, Koning Josia. Wat spesiaal van hom was, was dat hy maar net 8 jaar oud was toe hy koning geword het. Hy het gedoen wat reg was in die oë van die Here. Op 'n dag het hy beveel dat die tempel herstel moes word. Hy het betroubare manne aangestel om te sorg dat die tempel herstel word. Hulle het begin werk. Daar kry hulle toe die wetboek van die Here. Hulle neem dit na Koning Josia toe. Toe hulle dit vir hom lees, was hy baie ontsteld. Hy het sy klere geskeur. "Ons het raad nodig. Ons moet hoor wat die Here sê. Gaan kry vir ons 'n antwoord," het die koning gesê.

Sy leiers gaan toe na Gulda toe. Hulle het geweet sy was 'n profetes. *(Verwys na die betekenis van 'n profetes.)* "Ons het die wetboek van God in die tempel gekry en vir die koning gelees. Hy wil weet wat ons nou moet doen."

Gulda antwoord: "So sê die Here: Sê vir hom die Here sê hy gaan beslis die mense straf. Hier kom groot moeilikheid. Hulle het God uitgetart met hulle vieslike afgode en al die lelike dinge wat hulle gedoen het. Maar sê vir die koning die Here het gesien hoe hartseer hy oor al hierdie dinge is en sal die straf terughou totdat hy nie meer lewe nie. Hy sal nie hoef te sien hoe God die volk straf nie."

Die boodskappers gaan terug na die koning en doen verslag: "Die profetes sê God gaan die volk straf oor al die vreeslike goed wat hulle gedoen het, maar eers nadat u, koning Josia, nie meer daar is nie. God het gesien hoe hartseer u is en sal u die swaarkry spaar."

Koning Josia sê toe: "Kry al die mense, groot en klein, bymekaar by die tempel."

Die koning het voor almal gaan staan. *(Laat die koning nou met al die kinders praat.)* "Ek beloof om alles te doen wat die Here vra. Ek sal God gehoorsaam met my hele hart en siel solank ek leef. Wat sê julle?"

Die hele volk het saamgestem en belowe om dit ook te doen. Daarna het hulle gegaan en begin om die afgode af te breek. Die wet van die Here was nou vir hulle belangriker as al die skatte van die afgode. Lees Psalm 119:72.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat was vir jou mooi in die verhaal.
2. Ek wonder hoe het Gulda gevoel toe sy vir die koning moes sê dat God die mense gaan straf.
3. Ek wonder wie sou jy in die verhaal wou wees.
4. Ek wonder watter belofte het jy al aan die Here gemaak.

WERSKAF

- Maak boekrolle soos die een wat tussen die klere gevind is. (A4-papier aan weerskante opgedraai aan sosatiestokkies)
- Inkleurprent / legkaart van Gulda met die boekrol.
- Speel weer die verhaal in die sandboks uit.

Sluit af met die seënbede *soos by ontmoeting 1.*





3

Psalm 119:72: U wet is vir my kosbaarder

as 'n oorvloed van goud en silwer.